AFSKAKELING VAN ELEKTRISITEIT

MAG 'N VERHUURDER JOU ELEKTRISITEIT AFSKAKEL AS JY NIE HUUR BETAAL NIE?

NDIFUNA UKWAZI

JOU VERHUURDER IS NIE GEREGTIG OM JOU ELEKTRISITEIT AF TE SKAKEL OMDAT JY NIE JOU HUUR BETAAL NIE. INDIEN HULLE DIT DOEN, IS HULLE SKULDIG AAN 'N KRIMINELE OORTREDING.

HOEKOM IS DIT SO?

Artikel 16(hA) van die Rental Housing Act 50 van 1999 sê duidelik dat enige persoon wie onwettig 'n huurder uitsluit of hul dienste afskakel, is skuldig aan 'n oortreding en, op vonnis oplegging, aanspreeklik vir 'n boete of tot en met 2 jaar tronkstraf, of beide 'n boete en tronkstraf.

EN

Artikel 16(i) van die Rental Housing Act 50 van 1999 sê duidelik dat enige persoon wie enige regulasie oortree is skuldig aan 'n oortreding en, op vonnis oplegging, aanspreeklik vir 'n boete of tot en met 2 jaar tronkstraf, of beide 'n boete en tronkstraf.

Die Regulasies verskil effe tussen Provinsies, maar hulle almal sê dat 'n verhuurder mag slegs jou elektrisiteit afskakel as:

- Daar 'n nood is, of
- Daar vir jou redelike kennis gegee is dat hulle herstelwerk, opknappings of instandhouding wil doen.

Dus, die wet bepaal nie dat jou elektrisiteit afgeskakel mag word indien jy nie jou huur betaal nie.

Jou elektrisiteit MAG afgeskakel word indien jy vir jou elektrisiteit betaal het nie, maar jou verhuurder moet eers die regsproses volg en 'n hofbevel kry voordat hy/sy jou elektrisiteit kan afskakel. Indien die verhuurder nie 'n hofbevel het om jou elektrisiteit af te skakel nie, is hy/sy besig om 'n 'unfair practice' te pleeg wat onwettig is, en die polisie kan die verhuurder kom arresteer.

Neem asseblief kennis dat die reële effe verskil as dit die munisipaliteit is wat jou elektrisiteit afgeskakel het.

'N VERHUURDER MAG NIE "SELF HELP" PLEEG!

As jou elektrisiteit afgeskakel word, doen die volgende:

1. Kontak die munisipaliteit om uit te vind of hulle jou elektrisiteit vir een of ander rede afgeskakel het
2. As dit nie die munisipaliteit was nie, kontak jou verhuurder om te vra dat die elektrisieit herstel word
3. Verduidelik aan die verhuurder dat hy/sy nie geregtig is om jou elektrisiteit afteskakel nie (verwys hulle na wat die wet sê hierbo)

INDIEN DIE VERHUURDER WEIER OM DIE ELEKTRISITEIT TE HERSTEL, KAN JY DIE VOLGENDE INSTELLINGS NADER VIR HULP:

SAPS: Die polisie moet genader word om jou elektrisiteit te herstel omdat dit onwettig is vir jou verhuurder om jou elektrisiteit af te skakel.

Die Rental Housing Tribunal: Jy kan 'n klag lê teen jou verhuurder omdat hy/sy nie aan jou munisipale dienste verskaf nie.